



syngenta

Reg Nr. L6512 Wet Nr. 36 van 1947

'n Waterdispergeerbare korrel landbouchemiese middel wat die natuurlike verdedigingsmeganismes van verskillende plante stimuleer en sodoende beskerming bied teen skade veroorsaak deur ongewenste mikrobes soos aangedui.



Aktiewe Bestanddeel:
asibensolar-S-metiel
(bensotiadiasool)..... 500 g/kg

Gevaarstellings:

Veroorsaak velirritasie. Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Veroorsaak ernstige oogirritasie. Kan respiratoriese irritasie veroorsaak. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Voorsorgaanbevelings:

Voorkoming: Vermy asemhaling van stof. Was vel deeglik na hantering. Dra beskermende handskoene/oogbeskerming/gesigbeskerming. **Reaksie:** Indien ingeasem, verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Bel 'n GIFSENTRUM/dokter as jy onwel voel. Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. Versamel gemorste produk.

NOOD TEL NR.:
+27 82 446 8946 (Griffon)

UN 3077

Registrasiehouer
Syngenta SA (Edms.) Bpk.
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

Product names marked ® or ™, the ALLIANCE FRAME, the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company

WAARSKUWING

1. WAARSKUWINGS:

Gevaarstellings: Veroorsaak velirritasie. Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Veroorsaak ernstige oogirritasie. Kan respiratoriese irritasie veroorsaak. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Onthoudingsperiodes: Laat die volgende aantal dae toe tussen die laatste toediening en oes van die gewasse soos hieronder aangedui.

MANGO'S 21 dae
TAMATIES..... 3 dae

- Stof mag vel en oë irriteer.
- Skadelik indien ingesluk, ingeasem of opgeneem deur die vel.
- Giftig vir visse en ander waterorganismes.
- Stoor in oorspronklike, dig geslote houers, uit die son en weg van vogtigheid in 'n goed deurlugte area. Vermy temperature onder 10°C en bo 35°C.
- Stoor weg van voer en voedsel.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie die behandelde gebied binnegaan voordat die spuitstof droog is nie, tensy beskermende klere gedra word.

LET WEL: Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, MRL-vereistes en aanbevole onthoudingsperiodes.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van

weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

2. VOORSORGMATREËLS:

Voorsorgaanbevelings: Voorkoming: Vermy asemhaling van stof. Was vel deeglik na hantering. Dra beskermende handskoene/oogbeskerming/gesigbeskerming. **Reaksie:** Indien ingeasem, verwyder persoon na vars lug en hou gemaklik vir asemhaling. Bel 'n GIFSENTRUM/dokter as jy onwel voel. Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. Versamel gemorste produk.

- Moet nie produkstof of -spuitnewel inasem nie.
- Vermy kontak met vel, oë en klere met korrels of spuitnewel.
- Dra rubberhandskoene en 'n gesigskerm wanneer die korrels hanteer word.
- Was hande en hele liggaam met seep en water na hantering van die produk.
- Was besmette klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook terwyl die produk gemeng of toegedien word nie. Was eers hande en gesig.
- Indien enige ongerief voorkom, hou op met werk, volg noodhulp voorskrifte en kontak 'n dokter.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme, boorgate en gebiede wat nie behandel word nie.
- Was toedieningsapparaat na gebruik. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig leë houer op die voorgeskrewe wyse en moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

3. RELEVANTE STOWWE:

Chemiese naam	
acibenzolêre-S-metiel	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Vel Irrit. 2; H315 Oog Irrit. 2; H319 Vel Sens. 1; H317 STOT SE 3; H335 (Respiratoriese stelsel) Aquatic Acute 1; H400 Aquatic Chronic 1; H410 M-Faktor (Akute akwatiese toksisiteit): 1 M-Faktor (Chroniese akwatiese toksisiteit): 1	≥ 50 - < 70
Chemiese naam	
reaksieproduk van naftaleen, butanol, gesulfoneer en geneutraliseer deur bytsoda	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Akute Toks. 4; H302 Akute Toks. 4; H332 Oog Skade. 1; H318 STOT SE 3; H335 (Respiratoriese stelsel)	≥ 1 - < 3
Chemiese naam	
dinatriummaleaat	
Klassifikasie	Konsentrasie (% w/w)
Akute Toks. 4; H302 Vel Irrit. 2; H315 Oog Irrit. 2; H319 Vel Sens. 1; H317 STOT SE 3; H335 (Respiratoriese stelsel)	≥ 0,1 - < 1

4. PRODUKEIENSKAPPE:

BION is 'n plantaktiveerder wat die plant se eie weerstand teen bakteriële en swamme opwek. As gevolg van sy besondere metode van werking, moet **BION** toegedien word voordat besmetting plaasvind aangesien die plant tyd benodig om sy natuurlike verdedigingsmeganismes te aktiveer. **BION** word vinnig en doeltreffend opgeneem deur plantstingels en blare en word akropetaal en basipetaal getranslokeer binne die plantweefsel. **BION** stimuleer plante om meer bestand te word teen:

- Bakteriële swartvlek (*Xanthomonas campestris* pv *mangiferaeindicae*) in mango's.
- Bakteriële spikkel (*Pseudomonas syringae* pv *tomato*) en bakteriële vlek (*Xanthomonas campestris* pv *vesicatoria*) in tamaties.

5. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui

Algemene aanbevelings:

MANGO'S EN TAMATIES

- Dien **BION** toe in kombinasie met geskikte

koperverbindings.

- **BION** moet toegedien word voordat besmetting van plantweefsel voorkom.

Volg altyd gesonde landboupraktike.

5.1 Verenigbaarheid

Die mengbaarheid van **BION** met ander produkte mag beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte sowel as die gehalte van die verdunningswater. Aangesien die formulering van ander produkte mag verander sonder die medewete van Syngenta en die gehalte van water mag wissel van plaas tot plaas, behoort 'n mengbaarheidstoets altyd uitgevoer te word voor toediening.

5.2 Mengaanbevelings

- Maak seker dat die toedieningsapparaat skoon en onbesoedel is.
- Spoel die spuit uit met skoon water na gebruik, of aan die einde van die dag, deur die spelwater teen 'n verdunningsverhouding van minstens 1:10 (spuitmengsel:water) op die gewas te spuit.
- Indien **BION** met ander produkte in die tenk gemeng word, moet die produkte in die volgende volgorde by die water gevoeg word: Eers **BION**, daarna die ander produkte. As die ander produkte in wateroplosbare verpakking is, moet eers die wateroplosbare verpakking eers en dan die **BION** by die water gevoeg word.

5.2.1 Kousbalkspuite

- Vul spuitenk met een-derde water.
- Roer aanhoudend.
- Verwyder die filter aan die bokant van die tenk. Giet die vereiste hoeveelheid produk direk in die tenk en hou aan om te roer.
- Vul tenk met water terwyl aanhoudend geroer word.

Belangrik:

- Moet nie eers **BION** as 'n flodder in 'n emmer voorberei nie.
- Wanneer die spuitenk gevul word moet die vulslang altyd bo die water gehou word om te voorkom dat die spuitoplossing teruggesuig word.
- Verseker deeglike roering van die mengsel in die tenk gedurende vermenging en toediening.
- Plaas die deksel terug na vermenging.

6. TOEDIENINGSTEGNIEKE:

6.1 Grondtoediening

BION kan met konvensionele spuittoerusting toegedien word. Kalibreer die apparaat voor toediening om te verseker dat die korrekte dosis toegedien word.

Die verspreiding van die spuitmengsel moet eenvormig oor die teikengebied geskied.

6.2 Toedieningshoeveelhede

BION behoort 'n deel te vorm van die siektebestuurprogram. Vir die beheer van bakteriese swartvlek in mangoes en bakteriese spikkel en -vlek in tamaties, moet **BION** in kombinasie met geskikte koperbindings* toegedien word. **BION** sal die plant se natuurlike wededigingsmeganismes stimuleer terwyl die koper die inokulumvlakke sal verminder deur direkte werking teen die patogene.

MANGO'S

Plaaig	Dosis
Bakteriese Swartvlek (<i>X. campestris</i>)	Lae - medium dekbespuiting 12.5 g/100 l water PLUS koper*
Opmerkings <ul style="list-style-type: none">• Verseker altyd algehele bedekking van die blare en vrugte met die spuitoplossing.• Dien die eerste bespuiting op draende bome toe met bot, en die tweede toediening met vrugset en daarna teen 'n maksimum van 28-dag intervalle dwarsdeur die seisoen.• Ses (6) toedienings per seisoen word aanbeveel.	

TAMATIES

Plaaig	Dosis
Bakteriese spikkel (<i>P. syringae</i>)	Hoë-volume (250 - 1 500 l spuitmengsel/ha)
Bakteriese vlek (<i>X. campestris</i>)	7.5 g/100 l water PLUS koper*
Opmerkings <ul style="list-style-type: none">• Verseker altyd volledige bedekking van die blare en vrugte met spuitmengsel.• Verhoog die spuitvolume namate die plante groter word.• Dien die eerste toediening 7 - 10 dae na uitplant toe en herhaal teen 21-dag intervalle dwarsdeur die seisoen.• Ses (6) toedienings per seisoen word aanbeveel.	

BION® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

© **SYNGENTA, AG. 2000.** Kopiereg van hierdie dokument word voorbehou. Alle ongeoorloofde vermeerding word verbied.

Opmerkings

- * Koper moet teen die geregisteerde dosis gebruik word.
- * Volg die aanbevelings op die spesifieke koper etiket.
- * Nie vir gebruik op die mangokultivar Hayden nie.

SA Reg.: 2006-07-17